JAARVERSLAG

MAART 2020 – FEBRUARIE 2021

"Juig tot eer van God, almal op aarde!
Sing tot roem van sy Naam,
gee Hom die eer wat Hom toekom!
Kom hoor wat God gedoen het,
Kom hoor van sy magtige dade
onder die mense:" (Ps 66)

Ja, dis met hierdie Psalm klinkend in ons ore, dat ons met groot dankbaarheid verslag doen oor die pasafgelope jaar. Dit was 'n jaar wat buitengewone eise aan ons gestel het en ons op verskillende wyses getoets is:

- Ons moes nuwe kreatiewe maniere van dienslewering vind aan brose en desperate mense.
- Ons is gedreig met arrestasies as ons kos uitdeel en deur middel van sosiale media ons netwerke aan die gang probeer hou.

Ten spyte van dit alles, kan ons rapporteer dat dit 'n goeie jaar was… want ons leef uit die Hand van die Here.

1. MAATSKAPLIKE WERK-DIENSTE

Die maatskaplike werker is betrokke by verskeie individue en gesinne wat gereeld by Pharos om raad aanklop.

Gedurende die jaar is `n gemiddeld van **82 sessies per maand** met individue en ook egpare gehou.

Daar is ook noue skakeling tussen die maatskaplike werker en al die verskillende projekleiers.

Skakeling tussen die maatskaplike werker en die maatskaplike werkers van die CMR en die omliggende skole vind ook plaas om samewerking te bevorder en dienslewering te koördineer. (Een van Pharos se vrywilligers dien namens Pharos/Lux Mundi op CMR Faerie Glen tak se Bestuur.)

Pharos is betrokke by **Re-Connect** waar ons finansieel `n bydrae lewer - **R750pm**.

Die maatskaplike werker is sedert 2018 ook die kantoorbestuurder wat die oorhoofse bestuursake hanteer.

2. KOSPROJEK

Gedurende die grendeltydperk toe verskeie mense inkomste-verliese en werkverliese ervaar het, was daar ‘n dramatiese toename in die behoefte aan kosvoorsiening. Dit is juis in hierdie tydperk dat Garscom onder leiding van Carol van Niekerk ons genader het om gesinne in die gebied te voorsien van kospakkies. Die Garscom netwerk het ook gereeld bydraes voorsien om ons te ondersteun en tydens hulle Madiba-dag insameling is 1256 nie-bederfbare items vir Pharos ingesamel.

Daar word weekliks groot hoeveelhede kos versprei na behoeftige individue en gesinne. Begunstigdes se omstandighede word deur die maatskaplike werker geëvalueer waarna die kosspan, bestaande uit `n groep dinamiese en bekwame vrywilligers, die kospakkies saamstel volgens elkeen se behoefte.

- **53** Gesinne het maandeliks kruideniersware ontvang.
- Die Kos-projek het donasies ter waarde van **R164 700** ontvang en kos ter waarde van **R363 635** is versprei **(R30 300pm)**.
- Kruideniersware ter waarde van **R187 440** is aangekoop.
- Kosvoorrade word aangevul deur verskeie bydraes van “Vriende van Pharos”. Die deurlopende bydraes van Lux Mundi se lidmate speel `n onmisbare rol. Die bydraes deur besighede en skole maak ook `n groot verskil.

3. KLERE-PROJEK

Groot hoeveelhede klere word weekliks ontvang, gesorteer en versprei na behoeftige individue, gesinne en instansies op aanbeveling van die maatskaplike werker. Gedurende die grendeltydperk moes ons vir ‘n periode die verspreiding van klere staak, aangesien die inrigtings nie toeganklik was nie. Mettertyd het die situasie verbeter en kon ons voortgaan met verspreiding.

- Klere ter waarde van **R407 700** is ontvang.
- Klere ter waarde van **R409 950** is aan **61** afsetpunte voorsien.

4. TRUDREAMS (MATRIEKAFSKEID-PROJEK)

Deur middel van hierdie projek word behoeftige matrieks ondersteun om hulle spesiale aand te kan bywoon en voluit te

geniet. Aanvanklik het dit gelyk asof hierdie projek sou skade ly as gevolg van die pandemie, maar later is daar tog afskeids-geleenthede gereël. Gevolglik kon ons **15** leerders bystaan om hierdie spesiale funksie `n onvergeetlike ervaring te maak.

5. PROJEK HANNA

Huiswerkers wat lede van die Lux Mundi Sepedi-bediening is, word toegerus met naaldwerkvaardighede. Dit bemagtig hulle om uiteindelik hulleself beter te versorg en `n inkomste daaruit te verdien.

As gevolg van die pandemie kon hierdie projek glad nie plaasvind gedurende hierdie boekjaar nie.

6. SKRYFBEHOEFTE-PROJEK

Pharos verskaf jaarliks nuwe skryfbehoeftes aan behoeftige kinders gedurende Januariemaand. Kinders word geïdentifiseer deur personeel en maatskaplike werkers van skole in die omgewing, asook CMR Faerie Glen-tak. Pakkette word aangekoop vir die verskillende grade sodat leerders gereed is vir die nuwe skooljaar.

- `n Rekordgetal van **103** kinders is van skryfbehoeftes voorsien en die totale koste daaraan verbonde was **R47 430.**

7. HAWELOSES EN WERKLOSES

Die haweloses/werkloses word elke Donderdagoggend bedien waartydens hulle `n "Life Skills"-kursus deurloop, rantsoenpakke ontvang en ook hulp van die maatskaplike werker ontvang.

- In totaal is daar **614** rantsoenpakke met nie-bederfbare kos aan hierdie groep mense uitgedeel.

`n Groep gesondheidswerkers het ook besoek afgelê by een van ons sessies en voorligting gegee aan die hawelose mense oor Covid 19 en hoe om hulleself te beskerm daarteen.

8. KERSDAGPROJEK ("HAMPERS" VIR HAWELOSES)

Haweloses wat in die Ooste van Pretoria rondswerf op Kersdag, het waarskynlik nie die finansiële vermoë om na familie/vriende te reis nie. Hierdie projek voorsien in hulle basiese lewensbehoeftes

(toiletware, nie-bederfbare produkte, ens). `n Nuwe Testament in `n Afrika-taal met `n gepaste Kersboodskap word ook ingesluit.

- Op Kersdag is **50** "Hampers" uitgedeel.

9. JAKOB-SE-PUT

Gedurende die grendelperiode kon byeenkomste nie plaasvind nie. Verskeie van hierdie mense het ernstige finansiële probleme ondervind in die tyd en Pharos het hulle bygestaan met die betaling van noodsaaklike rekeninge.

10. B-NET

B-Net is `n ondersteuningsnetwerk vir die ontwikkeling van klein besighede en entrepreneursvaardighede.

- Paul le Roux het begin om as mentor op individuele basis mense te bemagtig en hulle toe te rus met kennis en vaardighede as entrepreneurs.

11. HALFITIME

HALFITIME is `n verposing in jou lewe om te reflekteer op: wat het ek bereik, wie het ek geword en gaan dit saak maak op die ou einde? Dis `n tyd vir herbesinning oor jou unieke opdrag vir jou tweede helfte van jou lewe.

12. JOB SEEKERS FORUM

Aangesien die behoefte aan werksgeleenthede 'n kritiese aspek is in baie mense se lewens tydens die pandemie, moes ons ernstig kyk na 'n bykomende struktuur wat mense kan bystaan, toerus en mobiliseer vir die arbeidsmag. Gevolglik is die Job Seekers Forum op Donderdae begin om addisioneel tot Jakob se Put en B-Net 'n diens te lewer aan werksoekers.

By Job Seekers Forum word gefokus op praktiese aspekte soos hoe om:

- Voor te berei vir 'n onderhoud.
- Toepaslik geklee te wees vir 'n onderhoud.
- 'n Resumé op te stel.
- Navorsing oor 'n maatskappy te doen.

- Jou vermoëns en vaardighede te bemark.
- Geld te spaar terwyl jy “tussen werke” is.

Die projek is egter eers aan die einde van November begin vir ‘n proeftydperk van 3 maande. Gevolglik sal daar meer breedvoerig in die volgende boekjaar hieroor verslag gedoen kan word.

13. CHICS@PHAROS

Die afkorting **CHICS** staan vir **CHURCH HOUSEHOLD INTERFACE CARE AND SUPPORT** en het die *logo* van `n kuikentjie om daarmee uit te beeld dat hulle brose kinders (soos VIGS-wesies) wil beskerm. CHICS wil verseker dat behoeftige kinders in gesonde en funksionele huishoudings grootword. In die proses word gemeenskapsnetwerke versterk tussen die kerke, skole en dagsorgsentrums. Ouers word toegerus met vaardighede om hulle kinders beter toe te rus vir die lewe. Pharos ondersteun die Mamelodi-tak van hierdie projek finansieel reeds sedert Nov 2011.

- **R63 696** is gedurende 2020/21 aan CHICS oorbetaal.

14. NETWERKE

Die bou van sterk ondersteuningsnetwerke in die plaaslike gemeenskap is vir ons belangrik. Daarom is ons baie dankbaar en bevoorreg om die lojale steun en vertroue van die gemeenskap te kon verkry oor die afgelope aantal jare. Ons plaas `n hoë premie op verhoudinge met instansies soos die SAPD, die veiligheidsforums (GarsCom en GarsHigh), die CMR, die omliggende hoër- en laerskole, Ringsgemeentes, ander kerke, Solidariteit/Helpende Hand, Moeggesukkel Rehabiltasie Sentrum, die sakegemeenskap, ens.

15. PHAROS NOODSORG

In ’n abnormale tyd soos die pandemie, is daar talle mense wat nood ervaar hier in ons midde. En dit is waar Pharos `n hand uitsteek om mense weer op te help.

- **49** Gesinne/Huishoudings is finansieel ondersteun.

- Daar is R**398 000** bestee aan die nood van individue en gesinne vir betaling van noodsaaklike uitgawes. (Dit sluit munisipale rekeninge, huurgeld, medikasie, ens in.)

PAD VORENTOE

Dit is ons doel om altyd relevant te bly en `n diens te lewer wat beantwoord aan die veranderende behoeftes in die gemeenskap.
Die pandemie het nuwe uitdagings gebring op verskillende terreine en ons moes aanpassings maak.
Dis is en bly steeds ons strewe om:

- die plaaslike gemeenskap te dien deur deurlopende ondersteuningsdienste aan mense wat nood ervaar.
- behoeftiges by te staan en te bemagtig sodat hulle selfstandig en menswaardig kan funksioneer.
- mense in staat te stel om betrokke te raak by nood in hul eie gemeenskap.
- volhoubare ontwikkelingsprojekte te loods en te ondersteun.

BEDANKINGS

Met slegs **drie voltydse personeellede** in diens van Pharos, is ons volledig afhanklik van vrywilligers om die sentrum in sy doel te laat slaag.
Daarom is ons opreg dankbaar vir die toewyding en lojaliteit van:
45 Vrywilligers
147 Donateurs en
Talle Vriende van Pharos, asook **Gebedsondersteuners** wat ons daagliks bemoedig en vir ons intree.
Ons is bevoorreg om `n dinamiese groep **projekleiers** te hê wat hulle spanne goed mobiliseer.
Pharos se Bestuur onder die bekwame Voorsitterskap van Fanie Kerkhoff bied vir ons waardevolle ondersteuning en advies op `n gereelde basis.
Saam daarmee wil ons `n hartlike woord van dank rig aan die volgende persone wat almal ons hande sterk om gestalte te gee aan die Roeping wat aan ons toevertrou is. Hulle is by name:

- Jeandre Slabbert vir sy hulp met ons WEB, facebook posts, ens.

- Nerine Schoonraad wat in Februarie oorgeneem het met die hantering van die WEB.
- Lux Mundi Gemeenteraad, leraars en kantoorpersoneel, asook
- Lux Mundi Gemeentelede.